

Aanbieding tydens die opening van die ANDREW MURRAY SPIRITUALITEIT
SENTRUM in Wellington – 25 Februarie 2019 – Nioma Venter

1. BLY IN MY

In sy boek “Abide in Me” wys Andrew Murray uit dat Jesus se uitnodiging deur Sy bedieningstyd was: “Volg My”. Dit is egter met Sy naderende dood dat Hy hierdie uitnodiging effens aanpas en in Johannes 15 sê: “Bly in My”. Vir myself hoor ek die verskil tussen ‘volg My’ en ‘bly in My’, as ’n saak van intimiteit (Hy in my en ek in Hom) en al die geborgenheid wat daarmee saamgaan, maar ook ’n nuwe fokus: Sý fokus op sake en nie langer myne nie.

Ek wil oor hierdie intimiteit twee opmerkings maak.

Die eerste is n.a.v. ’n woordstudie van die woord ‘barmhartigheid’ in die Ou- en NT. In die OT is dit duidelik dat die woord barmhartigheid (rachamim) eksklusief as ’n eienskap van God gebruik word. Dit beteken dat wanneer ons wel van barmhartigheid tussen mense in die OT lees, die konteks duidelik ’n Goddelike intervensie aandui – amper soos ’n geskenk of toevoeging van Homself (Sy eie karakter) wat God in daardie oomblik gee! Anders gestel: Barmhartigheid in die OT het nie sy oorsprong uit die goedheid van die mens nie, maar uit die goedheid van God.

Dit is konstant met ’n NT verstaan van barmhartigheid en ek wil begin met die uitstorting van die HG en die daaropvolgende interpretasie van Paulus oor die gawes van die Gees – weereens geskenke van God self – met die oorsprong van hierdie ‘geskenke’ wat God se kinders ontvang, nou sigbaar in die lewe van Jesus Christus. Weereens: Barmhartigheid in die NT het nie

sy oorsprong uit die goedheid van die mens nie, maar uit die goedheid van God. Wat dan van die barmhartige Samaritaan? Is dit nie so dat Jesus hierdie verhaal vertel om die geveinsdheid van die sogenaamde heiliges te ontmasker en die “what would Jesus do” optrede uit te lig nie?

Om die ontvanger van God se karakter te wees, Sy karakter van barmhartigheid; en om barmhartig te wees soos Jesus was; is myns insiens een van die hoogste vorms van intimiteit waarin Jesus ons innooi as Hy met Sy hemelvaart sê: Bly in My.

Die tweede opmerking sluit dan hierby aan en dit is wat ons noem die Missio Dei – die sturende God – en hoe ons as kerk die Missio Dei ontvang en ons kerklike werksaamhede inrig rondom die gedagte van ’n sturende God: bekend as die sogenaamde missionale teologie of missionale kerkwees.

Die dilemma waarin ons ons as kerk bevind en waarmee die missionale verstaan van gemeente wees ons nou konfronteer, is dat die ontwikkelingsgang van kerkwees ons baie na binne gerig het. Selfs tot dié mate dat ons verstaan van ampte in die kerk, die opbou van die plaaslike gemeente ten doel gehad het. Die ampte van die kerk onderskei egter volgens die bevestigingsformuliere eintlik drie lyne (Burger, 2018):

- Die eksplisiete verkondiging van die evangelie
- Die raaksien, versorging, bemoediging, heling en groei van mense (die sg. pastorale of priesterlike funksie)
- Optimale inrigting, organisering, toesig en mobilisering van die gemeente

Hieruit is dit vir my duidelik dat ons in lyn met missionale transformasie van die kerk, weer moet dink oor die amp van die diaken in ons

gereformeerde verstaan van kerkwees. Hierdie lyk vir my is die leierskapsrol (amp) in die kerk wat sterk gerig op diens aan die God en Sy koninkryk en diens aan mense, leiding behoort te gee. En laat ons dan ook nie n t in die formele kerklike amp van die diaken vaskyk nie, maar laat ons net kennis neem van talle lidmate wat in die banke sit, wat sonder die ‘formele titel’ van diaken, die gawe ontvang het om gestalte aan God se barmhartigheid op die voetpad van die Samaritaan te gaan leef nie. Hoe bemagtig ons, stuur ons en se n ons hierdie gelowiges vanuit ons verstaan van kerk, as deel van ons geloofsgemeenskappe, om barmhartigheid in die w reld te beliggaam. Ek wil terugkom na hierdie vraag, maar ek dink dit is nodig dat ons nou net eers praat oor vroe kindontwikkeling as ’n uitdrukking van barmhartigheid.

2. VROE KINDONTWIKKELING (VKO) AS UITDRUKKING VAN BARMHARTIGHEID

Laat ek uit die staanspoor ’n opmerking maak oor VKO as missionale geleentheid.

Goeie gereformeerdheid impliseer dat die konteks van ons w reld ons tot evangeliese besinning dwing. Dit is ’n diep verstaan van God se eie bewo ndheid oor mense wat ons beweeg tot vrae soos “Waar is God aan die werk in ons gemeenskap”? En dit is vanuit daardie diep verstaan en dat die kerk bewus raak van armoede en ongelykheid in Suid Afrika. Die afgelope sewe of agt jaar het die kerk met hernude oortuiging en wye konstultasie ernstige vrae begin vra oor hoe ons draers van Hoop kan wees in omstandighede wat ons eintlik maar wil oorweldig.

Plaaslik, w reldwyd en interdisiplin r is dit oor en oor aan ons uitgewys dat VKO die mees effektiewe intervensie is om armoede en ongelykheid aan te spreek. Dit is ’n feit dat daar ’n vensterperiode van ouderdom 0-5 jaar is

waartydens 90% van die ontwikkeling van menslike potensiaal vasgelê word. Na hierdie ouderdom is dit onwaarskynlik dat agterstand sommer ingehaal word. As statistiek dan toon dat meer as 60% van ons land se kinders wat vasgevang is in omstandighede van armoede nie toegang tot formele stimuleringsgeleenthede het nie, maak dit ook heeltemal sin dat in 2017 wêér bekendgemaak is dat bykans 80% van ons land se graad 4 leerders nie met begrip kan lees nie. Hierdie meerderheid leerders is funksioneel ongeletterd. En dit terwyl taal en taalvaardigheid die basis vir alle ander hoër kognitiewe funksies is en ekonomiese volhoubaarheid afhanklik is van 'n ontwikkelde arbeidsmag nie. Dan is dit ook te verwagte dat die werkloosheidsrealiteit in Suid Afrika jaar na jaar by verre die hoogste in die G20 lande is nie.

Uit 'n roepingsoogpunt, behoort die kerk teen hierdie agtergrond die volgende met erns te oorweeg:

- Die kerk moet opnuut bewus raak van die verteenwoordiging en vertrouwe (die sg. voetspoor) wat ons in elke liewe gemeenskap in ons land het.
- Die kerk moet haarself kollektief verbind tot 'n roeping om formeel na jong kinders uit te reik en moeite te doen met benaderings en modelle wat hierdie dienswerk ten beste dien.
- Die kerk moet die belangrikheid van kollektiwiteit verstaan – ad hoc pogings gaan nie vir ons die gewensde resultate gee nie.
- Die kerk moet verstaan dat ons ons hier verbind tot 'n langtermyn roeping waarvan óns dalk nie eers self die vrug gaan pluk nie.

- Die kerk sal moet belê in sinodale ondersteuning en die verwerwing van kundigheid in die verband in belang van gemeentes se betrokkenheid in VKO.

My argument is dat vroeëkindontwikkeling die mees effektiewe uitdrukking van barmhartigheid is waarmee die kerk, gegee die nood van Suid Afrika, in hierdie dag en tyd moeite kan doen en meer as die ekstra myl kan stap nie.

“Bly in My.”

Ekumenies getuig die kerklike gemeenskap tans van die oortuiging én die ywer én die ontvanklikheid in gemeenskappe waar vroeëkindontwikkeling die fokus van barmhartighedsbediening raak. Is dit nie ’n goeie aanduiding van waar God self aan die werk is nie?

Maar hoe raak dit transformasie van die kerk se benadering tot barmhartighedsbediening, want ons moet erken dat die kerk maar redelik geset is in haar weë van diensbaarheid. Is die bestaande benadering tot diensbaarheid geskik vir die kerk se betrokke raak by vroeëkindontwikkeling?

TRANSFORMASIE VAN BARMHARTIGHEID

Die Wes Kaap Sinode en meer spesifiek die diensgroep Diaconia bemoei haarself sedert 2015 baie spesifiek met die ontwikkeling van ’n bedieningstrategie gerig op die aanspreek van armoede en ongelykheid met VKO as voorkeur intervensie.

Hierdie bemoeienis het gelei tot hernude verdigting van die verhouding tussen gemeente diakonaat en die VGK/NGK geregistreerde maatskaplike werk organisasie, BADISA, op die gebied van VKO; die sluit van

vennootskappe met spesialis sekulêre diensverskaffers (bv. SmartStart en Na'ibali); die werwing van borg instansies (bv. DGMT, Abax Investments, e.a.); algemeen sinodale werkswinkels; ekumeniese deelname in navorsing en dies meer. Een van die hoogtepunte is 'n eenstop-VKO program wat tot stand gekom het tussen Diaconia en Badisa en wat tans in die proses van programontwikkeling is. Al hierdie prosesse het te make met die vraag wat ons onder die eerste hofie laat oorstaan het: “Hoe bemagtig ons, stuur ons en seën ons hierdie gelowiges (*wat 'n roeping tot formele diensbaarheid ervaar*) vanuit ons verstaan van kerk, as deel van ons geloofsgemeenskappe, om barmhartigheid in die wêreld te beliggaam.” Ek wil glo dat ons goeie vordering gemaak het in praktiese, volhoubare VKO bedieningsmodelle waarby gemeentes kan inskakel.

Wat egter eers nodig is, is 'n kultuurskuif in terme van ons verstaan van en benadering tot barmhartigheid. Sonder om dit te ingewikkeld te maak of teologies tegnies te raak, sluit hierdie kultuurskuif of konseptuele vertrekpunt die volgende in:

- Om van tydelike verligting van armoede na langtermyn voorkoming van armoede te beweeg. Dit beteken o.a. om van tydelike verligting tot 'n ontwikkelingsgerigte benadering te vorder.
- Om van 'n eenrigting-benadering wat soms degraderend mag wees te beweeg na 'n benadering wat menswaardigheid bevorder en waarin elke deelnemer groei en ontwikkel (transformasie van totale gemeenskap). Anders gestel: Om van 'n eenrigting-benadering van *'have-and-have-nots'* te vorder tot wedersyds respekvolle, omhelsende verhoudings waarin elkeen iets het om te gee en elkeen verryk wegstap van die kontak – en nuwe “us communities” (teenoor “ons-en-hulle”) gevestig is.

- Al voorafgaande beteken om weg te kom van 'n projek-benadering na 'n standhoudende verhoudingsbenadering.
- Om barmhartigheid en diensbaarheid met fokusse soos VKO spiritueel geanker en gefundeers te hou (die sogenaamde 'faith-based-approach' te beskerm) sodat ons nie maar net nog 'n projek dryf of nog 'n NGO word nie. Hiermee mag die denke oor die priesterlike karakter van die diakonale amp waarna ek vroeër verwys het, ons geweldig help.

TEN SLOTTE

Pieter de Villiers (2015) skryf 'n artikel getiteld: "Die nugter mistiek van Andrew Murray". Hierin redeneer hy dat mistiek binne die gesprek oor spiritualiteit, op 'n hoë abstrakte vlak dikwels verstaan word as daardie intieme oomblikke van bewustheid van God se teenwoordigheid. Hierdie bewussyn van die goddelike teenwoordigheid sal op baie verskillende maniere in godsdienstige kontekste en tradisies uitgebeeld word. In 'n Christelike konteks sal die mistiek dan byvoorbeeld verstaan kan word as die bewussyn van God se teenwoordigheid in Christus deur die inwoning van die Heilige Gees. Andrew Murray se spiritualiteit het besondere mistieke kenmerke getoon. In sy artikel maak De Villiers egter die waarneming dat Murray, vanuit sy mistieke spiritualiteit (sy intieme belewing en verstaan van God), op 'n berekende manier by praktiese lewenskwessies betrokke geraak het. Hy het uitgebreid aandag aan opvoeding en sending gegee en die verband tussen die twee (in ons geval VKO en die evangelie), as een saak beskou. Daarom praat hy van die 'nugter mistiek' van Andrew Murray en meen ek dat ons in ons gesprek vandag ook hiermee kan assosieer. "Bly in My" en ontmoet die nood van kinders in Suid Afrika op 'n verantwoordbare wyse.

Ten slotte wil graag 'n uitdeelstuk met u deel wat dien as 'n grafiese voorstelling van 'n model van transformasie met die oog op VKO as uitdrukking van barmhartigheid. Die voorstelling dien tot 'n groot mate as 'n opsomming van my aanbieding.

BRONNELYS

Burger, C. 2018. Weer gedink oor die ampte

De Villiers, Pieter G.R. 2015. LitNet Akademies, Jaargang 12, Nommer 3, Desember 2015

Venter, N. 2018. Vroeëkindontwikkeling as 'n uitdrukking van barmhartigheid: 'n Model vir Transformasie. Wes Kaap Sinode (VGK en NGK), Bellville.